

## STORMJARE

### TYGERBERG HOSPITAAL

1973 – 1978

In my Voorafwoord het ek geskryf dat indien jy oor jou verlede wil skryf, moet jy ook die moed hê om van daardie dinge wat nie so suksesvol, lekker en ook vir jou baie sleg was, te vertel. In my Tygerberg Hospitaal jare het dinge in my loopbaan nie so vlot verloop soos ek gehoop en verwag het dit sou nie. Ek sal nie probeer om verskonings daarvoor te maak nie, maar seker in my naïwiteit het ek sekere dinge nie sien kom nie !

Na ons wittebrood het ek en Johanna aangebly in my woonstel wat ek sedert Julie 1972 in Sidvalehof 604 gehuur het. Dit was naby Tygerberg Hospitaal waar ek en ook Johanna gewerk het. Haar kraam opleiding het eers in Maart 1973 begin en intussen het hulle haar tydelik gebruik in die hospitaal se Sentrale Sterilisasië Voorsienings Departement (SSVD).

Ons was baie gelukkig en het uitgesien na al die nuwe opwindende dinge saam in ons lewens.

Ek het as kliniese assistent by Verloskunde en in die kraamsaal begin werk, waar junior kliniese assistente tradisioneel begin het. Op daardie stadium was daar net drie diensgroepe in Verloskunde. Gevolglik was jy elke derde dag in die kraamsaal aan diens vir 24 uur. Omdat ek die junior was, het ek ook begin in die diensgroep wat Woensdae en Saterdag die kraamsaal beman het. Na elke spoeddag in die kraamsaal moes ons die pasiënte in die voor- en nageboorte sale versorg en ook in die buitepasiënte die voorgeboorte- en ses-week nageboorte klinieke behartig, bygestaan deur 'n huisdokter. Op 'n spoeddag op Woensdagnagte is daar maar min geslaap, want babas word nie net in die dag gebore nie. Die Donderdagaand na 'n spoeddag was ek maar redelik moeg en was vir 36 uur nie by die huis nie. Van swot het aanvanklik nie veel gekom nie. Die volgende aand was Vrydag aand. Ons was jonk en wou darem ook 'n bietjie uitgaan. Die volgende dag was Saterdag en was ek weer 24 uur in die kraamsaal, met die gevolg dat om nog te swot ook, aanvanklik agterweë gebly het. Elke derde naweek moes ek sommer vir meer as 48 uur in die kraamsaal spoed, want die Sondae spoed is tussen die drie diensgroepe roteer.

Alhoewel ek die vorige jaar ook soms alleen verantwoordelikheid in die kraamsaal moes neem, was hierdie nuwe verantwoordelikheid nogal tydrowend. Ek het vanaf die vorige jaar se ondervinding in die kraamsaal geweet dat ek as gevolg van my geaardheid dalk óór konsensieus was oor die pasiënte in kraam. Alhoewel ons nou die gebruik van die kardiotoekograaf apparate gehad het, was dit nogal arbeidsintensief om op hoogte te wees van elke pasiënt se vordering en die baba se welstand in kraam. Ek het dit nie reggekry om op spoeddae ook nog aan my boeke aandag te gee nie. Die tyd daarvoor was te onderbroke en te min.

In Maart en April 1973 het die Suid Afrikaanse Kollege van Geneeskunde (Obstetrie en Ginekologie) die eerste keer hul eie Primêre eksamen aangebied, met as eksaminators lede van die SAKOG. Prof Willie van Niekerk was een van die eksaminators vir dié eksamen. 'n Mede kliniese assistent, Chris van der Merwe, wat die vorige jaar in Julie begin het as kliniese assistent by Tygerberg Hospitaal, het hierdie eerste eksamen in Maart / April 1973 geskryf. Alhoewel die kollege riglyne gegee het wat verwag word van kandidate in die basiese vakke soos Anatomie, Fisiologie, Farmakologie, Mikrobiologie wat toegespits was op die gebied van Verloskunde en Ginekologie, was dit maar vaag en almal was maar baie onseker wat nou eintlik verwag word. As junior kliniese assistent het ek nie juis leiding van Prof van

Niekerk in dié verband gekry nie. Hy was 'n jong, dinamiese departementshoof wat sy departement die "beste in die wêreld" wou maak, en hy het ander agendas op daardie stadium gehad. Ironies het sy formidabele outokratiese bestuurstyl vir my as junior kliniese assistent in sy departement ook nogal geïntimideer. Nogtans het hy baie vertroue in my gehad, ook toe ek in sy diensgroep gewerk het. Hy het my baie kanse onder soms moeilike omstandighede gegee, waarvoor ek baie dankbaar was !

Vóór hierdie SAKOG primêre eksamen ingestel was, het kandidate die Britse Kollege van O en G se primêre eksamen geskryf, wat hulle dan laat kwalifiseer het vir die finale eksamen van beide die SAKOG en Britse Kollege eksamens. Uit die aard van die saak was ons as Universiteit van Stellenbosch nagraadse studente, ook verplig om in te skryf vir die MMed(O en G) se primêre en finale eksamens !

Na Chris van der Merwe die SA Kollege primêr geslaag het, het Prof Willie van Niekerk besluit ál sy kliniese assistente moet voortaan hierdie eksamen skryf. Dit sou ook deur die US erken word as 'n primêre eksamen vir die MMed (O en G) graad. Hy was baie gretig dat sy kandidate, behalwe die MMed (O en G) eksamen, ook die Kollege finale eksamen moes aflê. Ek self het regtig nie belang gestel om grade en diplomas bymekaar te maak nie. Ek wou net die eksamens slaag, registreer as 'n spesialis en gaan praktiseer ! Ek het geweet ek wil nie in die akademie aanbly nie.

Met my kliniese werk het ek nie probleme gehad nie en het die kraamsaal met selfvertroue hanteer. Een van ons konsultante, Dr Pohl de Villiers, vóór hy die vorige jaar by Tygerberg Hospitaal aangesluit het, het 'n ruk in die destydse Rhodesië gewerk onder 'n professor Philpod. Daar het hy geleer om epidurale blokke as pynverligting in kraam toe te pas. Hy het ons almal hierdie tegniek geleer en ons het as kliniese assistente self die epidurale blokke gedoen. Nog vóór die kliniese assistente by narkose dit gedoen het !

In Maart het Johanna met haar kraam opleiding begin. Sy het deur baie afdelings van die Verloskunde Departement roteer tydens haar opleiding. Dit het behels saalwerk, kliniekwerk, distriks kraamdienste en ook werk in die kraamsaal. Daar was tye dat ek op my spoeddae in die kraamsaal saam met haar gewerk het. Ek het gedink sy was baie goed in haar werk, want sy was 'n baie goeie verpleegster. Hoe dit vir háár was om saam met my te moes werk, moet julle haar maar self vra, as die geleentheid hom sou voordoën !


Omdat ons beide hard gewerk het, het ons mekaar soms min gesien. Soms net by ons woonstelblok se hyser; sy wat seweur die oggend van nagdiens af gekom het en ek wat op pad werk toe was ! Reeds vroeg in die jaar het van die Matrones, wat hulle rotasies uitgewerk het, dit goed gedink om haar dadelik op nagdiens te plaas ! Ek het aanvaar dat almal nagdiens moes doen, maar het tog rede gehad om te vermoed dat daar 'n element van moedswilligheid in was. Ek het hulle daarvoor gaan sien en suiker kon in hulle monde smelt nie. Toe bedank ek sommer namens haar ! Verstandigheid het darem tog geseëvier, ek het my punt gemaak en ons het die situasie opgelos.

Omdat ek die junior kliniese assistent was, moes ek maar inval by verlofreëlings van die meer senior kliniese assistente, sommige van hulle wat reeds kinders in die skool gehad het. Dit werk toe so uit dat beide ek en Johanna so drie weke in Oktober eers verlof kon neem. Omdat ons wittebrood maar kort was, besluit on toe om vir 'n paar van ons vriende en familie in die land te gaan kuier.

Ons eerste stop was Bloemfontein. Alfreda was besig met haar kraam opleiding in Bloemfontein en Eddie was toe ook al betrokke by hulle familie besigheid. Hulle was toe al verloof. Ons het baie lekker

by hulle gekuier. Toe het ons by Francois en Andra in Pretoria gaan kuier vir 'n paar dae. Daarvandaan het ons vir my ma se suster, tannie Lorna en oom Lionel Cawood op Nottingham Road in die Natalse Middellande gaan kuier. Ons is toe verder deur die Transkei na Umtata, waar Dolf en Gail Bührmann gebly het toe hy as mediese beampte in Umtata Hospitaal gewerk het. Hy het toe reeds 'n belangstelling in Chirurgie ontwikkel en onder leiding van 'n baie entoesiastiese jong Britse Chirurg vir sy Kollege Primêr begin swot.

Toe ons by hulle huis in Umtata aankom, mag ons nie afgepak het nie maar is reguit vir die naweek na die "Hole in the Wall" aan die Transkei se kus. Dolf het visvanggereedskap gereël, sodat ons kan gaan "shad" vang. Ek kom toe agter 'n "shad" is wat ek ken as 'n elf ! Ons was nogal suksesvol en ek en Dolf het ten minste een elk gevang.



Hole in the Wall langs die Transkei kus



Ek en Dolf met ons elwe !

Op pad na Port Alfred, waar Freddie en Mariaan Wait gebly het, is ons eers by Butterworth aan om vir Christo le Grange en sy vrou, Marleen, te gaan kuier. Christo het die vorige jaar nog saam met my as mediese beampte by Verloskunde en Ginekologie gewerk, maar was toe al blykbaar die waarnemende Hospitaal Superintendent ! Johanna kla van naardeid, waarskynlik van die grondpaaie en draaie. Marleen werk in die apteek en Christo skryf 15 mg Stemetil voor. Ons word voorsien met drie 5 mg Stemetil pilletjies, wat Johanna dadelik drink. Die pad is grondpad en draaierig. Johanna raak al hoe meer lomerig van die Stemetil. Later kan sy haar oë nie oophou nie. Eindelik is ons op Port Alfred. Johanna kon omtrent nie loop so vaak was sy en moes eers 'n ruk gaan slaap. Ek weet nie waar die misverstand ingetree het nie, maar dit blyk toe dat die 5 mg Stemetil pilletjies inderwaarheid elk 25 mg pilletjies was ! Johanna het darem toe weer wakker geword en ons het so twee dae lekker by hulle gekuier. Freddie was die residensiële ingenieur vir sy firma met die bou van 'n nuwe teerpad tussen Port Alfred en Oos Londen. Hy het 'n Beach Buggy gehad en ons kon baie ver teen die strand afry !

Vandaar het ons op pad terug Belville toe vir my pa en ma op George gaan kuier, voor hierdie lekker vakansie tot 'n einde gekom het.

Later terug by Tygerberg is daar ander tekens en simptome oor die naarheid ! Ons doen toe die nodige "toetsie" en ja, Johanna is toe al die tyd swanger ! Ons was beide baie opgewonde oor die verwickeling, alhoewel nogal onverwags. Ons het reeds te veel hooi op ons vurke geneem en nou nog 'n swangerskap met oggendnaarheid ook ?

Dit was laat in November 1973. Een van die senior kliniese assistente was Brian Robinson, van wie ek en ook Johanna, met haar kontak met hom gedurende haar kraam opleiding, baie gehou het. Van die senior kliniese assistente het van die personeel in die buit pasiënte as persoonlike pasiënte gesien en hulle bevallings persoonlik waargeneem. Ons het toe besluit om Brian Robinson te vra of hy Johanna as sy pasiënt sal sien. Ons was baie bly toe hy ingewillig het !

Dit was vir my baie moeilik om onder dié omstandighede die nodige aandag aan my swot werk te gee. Ek het ongeorganiseerd gevoel. Daardie tyd is daar nie enige formele leiding of aandag aan kliniese assistente gegee, wat hulle voorberei het vir die primêre eksamen nie.

Johanna het voortgegaan met haar kraam opleiding en die naarheid het gelukkig minder geword. Dit het egter plek gemaak dat sy saans nie haar oë kon oophou van die vaak nie. En sy moes ook swot vir haar finale eksamens, wat hier in die middel van Februarie afgelê moes word. Op die ou end het ek haar boeke geneem en haar in Verloskunde "gecoach". Gelukkig met goeie gevolge.

My Primêre eksamen was in die begin van Maart 1974. Ek het eintlik voor die eksamen besef ek is nie voorbereid nie. Die eksamen was vir vir my 'n nagmerrie. Die mondeling nog erger. Dit was 'n eerste keer dat ek 'n eksamen gedruip het en vir my 'n baie traumatiese ondervinding. Dit was asof 'n mat onder my uitgeruk was. Ek het dit moeilik verwerk. Die simpatie van my kollegas, hoe goed ook al bedoel, het dit vir my nog erger gemaak ! Ook die feit dat twee van my kollegas, Paul Duminy en Herkie Sandenbergh, wel die eksamen geslaag het, was vir my baie moeilik. Ek het dit baie vernederend ervaar en dit het my algemene selfvertroue baie geknou !

Ek het later as dosent opnuut besef daar is net een rede as 'n kandidaat nie slaag nie: "Hy/sy weet eenvoudig te min !" Daar is net een rede hoekom hy/sy te min weet: "Hy/sy het nie effektief of genoeg geswot nie !" Die vraag is dus, hoekom nie ? In my geval het ék waarskynlik nie die temperament gehad om onder die druk omstandighede waaronder ons moes werk, genoeg en effektief gestudeer het om suksesvol te wees nie !

'n Praktiese probleem het hom toe voorgedoen. Volgens Universiteitsreëls moet 'n kliniese assistent binne die eerste 18 maande die primêre eksamen slaag. Ek het dus nog 'n kans gehad om die MMed primêre eksamen in Anatomie en Fisiologie in Mei van daardie jaar af te lê. Die probleem was egter dat die voorgeskrewe sillabusse hemelsbreed verskil het. Die MMed primêr was gerig op al die spesialisasie velde, terwyl die SA Kollege primêr spesifiek baie meer gerig was op basiese vakke wat meer betrekking op Verloskunde en Ginekologie gehad. Ek was skielik in 'n groot dilemma. Ek kon, indien Prof van Niekerk volgens die reëls opgetree het, my pos verloor het indien ek nie binne die voorgeskrewe 18 maande die primêre eksamen geslaag het nie ! Hy was my egter goedgesind en het aangebied dat ek kan aanbly en op die Kollege primêr konsentreer. Daar sou weer 'n geleentheid wees !

Ek dink met dankbaarheid terug aan die ander konsultante wat my ten spyte daarvan dat ek gesukkel het met die primêre eksamen, hulle my altyd ondersteun en aangemoedig. Hulle was Dr's Nicolaas Louw, Pohl de Villiers, Hannes van Zyl en veral Dr Vaatjie du Toit, met wie ek 'n baie goeie verhouding gehad het en hom as 'n mentor beskou het.

Wat ek op daardie stadium nie beseft het nie was dat my DNS en familiegeskiedenis my begin inhaal het. Niemand het dit eintlik beseft wat aangaan nie. Ek was energieloos, ek het my selfvertroue verloor, ek het moeilik gekonsentreer terwyl my werksomstandighede nog presies dieselfde was. Ek het gevoel of ek in 'n doolhof is en ek nie geweet het hoe om daar uit te kom nie! Die diagnose oor wat hierdie situasie tot gevolg gehad het, sou eers later aan die lig kom.

En toe gaan Johanna middel Julie op 28 weke swangerskap in premature kraam! Sy is gehospitaliseer en die kraam kon gelukkig voorlopig met Ipradol ('n Beta2-adrenergiese simpatomimetiese middel) wat destydse binnears in 'n infusie toegedien is om uteriene kontraksies te onderdruk), onderdruk word. Hierdie situasie het my nog meer onder stres geplaas. Gelukkig het ek die ondersteuning van my departementshoof en kollegas gehad, wat gevoel het ek eers my vrou moet ondersteun en ons dan later kan besluit wat ons oor my eksamen gaan doen. Johanna kon later huis toe gaan en ek waardeer vandag nog die ondersteuning wat sy ontvang het van haar verplegings vriendin, Barbara Gericke, wat saam met haar haar kraamopleiding gedoen het.

Dit was 'n moeilike paar weke voor ons oudste dogter op 36 weke swangerskap op 24 Augustus 1974 gebore is. So twee weke voor ek weer eksamen sou moes geskryf het! Sy het 2,5 kilogram gewee!

Na Carlien se geboorte het ons bietjie rustiger geraak en aangepas by ons nuwe omstandighede met 'n baba in die huis. Ons het intussen na 'n groter woonstel in die woonstelblok verhuis en ons kon 'n babakamer inrig. Ek het ook 'n lekker hoë werkoppervlak met 'n spons vir doeke omruil en bad gepraakseer!

Ek het my toe in 'n netelige situasie bevind. Almal wat my respekteer het as 'n belowende kliniese assistent en erkenning gehad het vir my kliniese vermoëns, het my nou bejammer vir die situasie waarin ek my bevind het. Ek was skielik onder die vergrootglas; altans dit is soos dit vir my gevoel het. Hulle goed bedoelde simpatie het dit eintlik net vir ons, ook vir Johanna, moeiliker gemaak. Ek het die gevoel gekry dat, wat voorheen 'n gevoel van goedkeuring vir my deur my kollegas en ander personeel was, nou verander het in 'n gevoel van simpatie en bejammering. Dit het nie gelyk nie of ek die temperament vir dié primêre eksamen gehad het nie. Alhoewel ek die kliniese werk steeds goed hanteer het, het die akademiese sy van my werk my begin intimideer. Intussen het nuwe kliniese assistente ook by die departement aangesluit en skielik was ek in "hulle span" vir die primêre eksamen.

In die middel van 1974 het 'n vriend van my, George Bell, wat toe 'n kliniese assistent in Urologie was, 'n huis in Eversdal gekoop. Tye was anders en die huismark was binne ons bereik in dié sin dat dit bekostigbaar was vir die salarisse wat ons as kliniese assistente toe verdien het, verbande redelik maklik was om te bekom en rentekoerse redelik laag was. Ek het heelwat huiswerk gedoen oor die situasie of ons liever die huurgeld wat ons vir ons woonstel moet betaal, liever in ons eie huis moes belê. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat, om liever jou eie huis te koop definitief 'n opsie was. Daar was destyds baie bouers wat sogenaamde spekulasie huise gebou het in nuwe ontwikkelings in die Noordelike stadsgebiede. Uiteindelik het ons 'n huis in Stellenryk, net langs Stellenberg,

raakgeloop wat nog in aanbou was en aan ons verwagtings en behoeftes voldoen het. Hoekom ek nie eerder op daardie stadium maar eers op my studies gefokus het nie, kan ek nie vandag verklaar nie. Ek het egter met die jare geleer dat daar altyd 'n doel met alles in ons lewe was, en dat dit tog later geblyk het dat dit die regte besluit was ! Ons het 'n huis vir 'n billike prys gekoop, en ons het in 'n baie lekker omgewing met jongmense gaan woon ! Aan die begin van November 1974 het ons daarheen getrek. Carlien was vier maande oud. Dit kon dalk die verkeerde besluit gewees het op daardie stadium, aangesien my toekoms by Verloskunde en Ginekologie en of ons nog lank in die omgewing sou bly, eintlik onseker was. Op die langtermyn egter was dit tog die regte besluit, want ons het gelukkig as 'n gesin vir 24 jaar in daardie huis gebly.

## DEPARTEMENT VERLOSKUNDE EN GINEKOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH - TYGERBERG HOSPITAAL - DESEMBER 1974



Voor Drs Frans Grobler, Tom Burger, Pohl de Villiers, Nicolaas Louw, Prof WA van Niekerk,  
Drs JP (Vaajtjie) du Toit, Hannes van Zyl, Brian Robinson, Bert Schaetzing  
Agter Drs Pierre de Wet, Mark Nelis, Paul Duminy, Dries Burger, Theo Hendrix, Jan van der Merwe,  
Freddy Hayward, Frans Ulens, Marco Muller, Johan Nel  
Inlas Drs Chris van der Merwe, Danek Jaroscewicz, Herkie Sandenberg, Hennie Cronje

Alhoewel ek baie lekker gewerk het in die Departement Verloskunde en Ginekologie, het die swaard van die akademiese prestasie om die primêre eksamen te slaag, sy tol begin eis. Ek het gevoel soos 'n kolwer wat nou reeds twee nulletjies gehad het in 'n ry en ek nou weer onder baie druk was om weer te moes gaan kolf. Alhoewel ek dit toe reeds al sterk oorweeg het om 'n ander rigting in te slaan, is ek tog deur my konsultante en kollegas aangemoedig om weer te probeer ! Ek was nie meer so gemotiveerd nie, maar het tog weer probeer, maar ongelukkig met dieselfde negatiewe gevolge.

Intussen het die geskiedenis hom herhaal en Johanna was weer swanger met haar tweede swangerskap. Brian Robinson was toe reeds weg en 'n ander kollega, Tom Burger, het na haar

omgesien. Sy het weer in die derde trimester van haar swangerskap kontraksies begin kry. Gelukkig kon die premature kraam weer onderdruk word tot omtrent 37 weke swangerskap, voor sy in kraam gegaan het. Esmé is op 28 September 1976 gebore.

Ek het weer begin uitkyk vir 'n ander rigting in my loopbaan.

Aan die einde van 1976 was my pa en ma by ons kom kuier in Stellenryk vir Esmé, haar naamgenoot, se doopplegtigheid. My ma het toe reeds gekla van abdominale pyn. Ek het haar na verskeie van my kollegas verwys in ons omgewing, maar niemand kon 'n diagnose maak wat die oorsaak van haar pyn was nie. Sonar was nog nie op daardie stadium so gevorderd nie en MRI was was nog nie beskikbaar nie.

Nadat hulle terug is in George het die plaaslike chirurg, dr Johannes Smalberger, vroeg in Januarie 1977 'n diagnostiese laparotomie in die George Hospitaal op haar gedoen. Dit was op 'n Saterdagoggend en ek was maar weer besig om te swot vir die primêre eksamen, toe my pa gebel het om te sê my ma het gevorderde kanker van die pankreas. Al wat dr Smalberger kon doen was om die grootste deel van die tumor te verwyder en prosedures te doen wat haar na die operasie so pyn vry moontlik sou laat. My pa was baie ontsteld en ek en Johanna en die kinders is dadelik George toe, met die nodige toestemming van my konsultante, om hom te gaan ondersteun. My ma se siekte het my baie geraak. Ek kon nie verstaan hoekom sy op vyftigjarige ouderdom 'n beroerte moes kry en toe sewe jaar later ook 'n siekte kry waarvan sy nie gesond sou kon word nie ! Dit was vir my onregverdig. Sy het nooit na die operasie enige pyn gehad nie en is op 9 April 1977 vreedsaam oorlede, vier dae na haar 58ste verjaardag. Ek was maar 30 ! My ma was baie gefrustreerd met haar lewenskwaliteit ná haar beroerte, veral omdat sy 'n motoriese afasie gehad het wat haar weerhou het om 'n gesprek te kon voer. Dit was vir my 'n moeilike tyd, want ek was die dokter in die familie en daar was baie vrae van my pa en broers wat ek ook nie kon beantwoord nie ! Ek het later berusting gevind daarin dat dit waarskynlik was wat sy onder haar omstandighede wou gehad het !

Ek wil nou nie meer detail hier uitspel nie, maar in 1978 het ek besluit dat genoeg is genoeg. Ek wou nie meer blootgestel wees aan die druk om 'n sogenaamde Primêre eksamen onder 'n "soeklig" te gaan skryf nie. Ek het nie op daardie stadium besef dat onder die druk die swart hond besig was om al aan my hakskene te byt nie. Ek kon dit nie meer verder hanteer as iemand (hoewel belangstellend en opreg) vir my vra "...En hoe gaan dit met die swottery ?..." Ten spyte van opregte aanmoediging van Thinus Kruger en Johan van Schouwenburg, wat steeds geglo het ek dit kan doen en gevoel het ek moet nie weggaan nie en weer moet probeer. Hulle het vir my kom sê hulle respekteer my kliniese vermoëns en dat ek goed is in my werk. Alhoewel ek hulle aanmoediging baie waardeer, het ek het egter besluit dat dit tyd was vir my om 'n verandering te maak.

Met my vertrek uit die Departement Verloskunde en Ginekologie na ses en 'n half jaar het die Konsultante en Kliniese Assistentente in Julie 1978 vir my 'n koffietafelboek oor Suid Afrika gegee, met 'n inskrywing voorin deur Professor Willie van Niekerk.

26/2/78.

South African Mosaic

Aan Pense met groot waardering en  
dank vir die aangename saamwerk in  
die Departement Verloskunde en Ginekologie  
te Tygerberg Hospitaal. Dit was goeie jare.

Willie van Niekerk

## STELLENBOSCH HOSPITAAL

1978

In 1978, een aand met my stiltetyd, skiet 'n persoon se naam my te binne. "Leon de Bruyn." Hy het as 'n mediese beampte saam met my in Tygerberg Hospitaal in die kraamsaal gewerk om sy ondervinding in verloskunde op te skerp, voordat hy na 'n algemene praktyk wou beweeg met in sy loopbaan. Op daardie stadium het hy 'n pos in die Stellenbosch Hospitaal gehad as Senior Mediese beampte. Ek kontak hom en sê vir hom ek wil aanbeweeg. Hy sê dat hulle toevallig iemand soek om 'n pos te vul van 'n persoon wat bedank het. Ek en Johanna gaan sien hom en later die Superintendent. Ons besluit dit is die regte geleentheid om 'n verandering te maak. Ek doen aansoek vir die pos en kon as Senior Mediese Beampte by Stellenbosch Hospitaal begin werk. Dit was 'n uitkoms, maar dit het nog nie vir my gevoel na 'n oplossing nie.

Stellenbosch was 'n Primêre Hospitaal in die platteland in die ou apartheidsbedeling, met die basiese geriewe van blanke en nie-blanke sale, 'n ongevalle afdeling, twee operasie teaters, buitepasiënt dienste en basiese Radiologiese dienste. 'n Tipiese hospitaal wat deur die privaat praktisyns op die platteland beman is vir hulle privaat pasiënte, met ook voltydse mediese praktisyns vir die meestal nie-blanke hospitaal pasiënte. Hier kon ek nou weer opvang in algemene praktyk werk, soos ek dit oorspronklik beplan het ! Die voordeel was dat ons voorlopig in ons huis kon aanbly in Stellenryk, tot dinge verder uitgesorteer kon word.

Ons huis was so dertig kilometer van Stellenbosch Hospitaal en ek het elke dag in en uitgery met Johanna se Volkswagen Beetle. Die aand wat ek op spoed was, het ek in die aangrensende dokters kwartiere geslaap. Johanna en die kinders het ook soms Stellenbosch toe gekom as ek die naweke op diens was.

Omdat ek toe reeds heelwat in Tygerberg Hospitaal opereer het, kon ek maklik die chirurgie wat van ons verwag was om te doen, hanteer. Ook die ortopediese gevalle, wat 'n algemene praktisyn van destyds hanteer het, was vir my lekker. Meer ernstige gevalle kon ons na Tygerberg Hospitaal toe verwys.



My vriend Rocco de Villiers was toe reeds 'n gekwalifiseerde ortopeed in 'n praktyk in die Louis Leipoldt Hospitaal in Bellville. Hy het 'n sessie as ortopeed op Donderdagmiddae in Stellenbosch Hospitaal gehad, waartydens hy verwysde gevalle in konsultasie gesien het en ook kleiner ortopediese gevalle geopereer het. Ek het ook intussen weer my narkose vaardighede opgeskerp en soms ook dan vir Rocco se gevalle die narkose toegedien. Een so 'n pasiënt was John Noble, van Stellenbosch. Die Nobles was bekende rugbyspelers in die Bruin gemeenskap op Stellenbosch. John was een van die eerste vier bruin rugbyspelers wat in 'n veelrassige span in 'n vriendskaplike rugbywedstryd teen 'n Franse toerspan op Nuweland gespeel het. Hy het ook daardie dag 'n drie gedruk ! Rocco het 'n geskeurde kraakbeen van een van sy knieë verwyder en ek moes vir hom narkose gee.

## **ALGEMENE PRAKTYK, BELLVILLE**

**1979**

Oorkant Rocco de Villiers en sy vennote se Ortopedie praktyk in die Louis Leipoldt Hospitaal in Bellville, was 'n drieman praktyk van algemene praktisyns. Een vennoot gaan toe spesialiseer in Dermatologie en 'n opening ontstaan as 'n assistent met moontlike vennootskap later. Ek het hulle gaan sien en na 'n paar dae vra hulle my of ek by hulle wou aansluit. Dit was waarheen ek gemik het op daardie stadium en aanvaar hulle aanbod.

Op 1 Januarie 1979 het ek as Algemene Praktisyn begin praktiseer. Dit was weer 'n nuwe wêreld van werk. Omdat ek nou nuut in die praktyk was, was ek aanvanklik nie so besig in die spreekkamer nie. Ou pasiënte van die praktyk was nou maar eenmaal so; toe hulle verneem die dokter wat hulle gewoonlik besoek het is weg, was die ander twee eerste keuses. Dit het my nie te veel gepla nie, want intussen het ek baie assistensie werk in die teater vir van die chirurge, ginekoloë en ortopede, baie van wie ek geken het, gedoen.

Aan die begin was alles opwindend. Ons het nog tuis besoeke gedoen. Die praktyk het nogal 'n wye area in die noordelike voorstede gedek en op 'n dag of aand aan diens moes jy maar heen en weer ry. Ons het slegs 'n Motorola radio gehad wat slegs die telefoonnommer verstrekket het van die persoon wat jou gesoek het. Dit was dikwels 'n gesukkel om by 'n telefoon uit te kom om daardie persoon te skakel.

Gedurende Julie van daardie jaar toer die Alabama Studente geselskap van die Universiteit van Potchefstroom weer met hulle musiek revue. Hulle doen ook Bellville aan. Ek sien twee studente met erge griepsimptome en skryf die nodige behandeling voor. Uit welwillendheid gee hulle aan my twee kaartjies vir hulle vertoning dié aand in die Bellville Burgersentrum. Ek en Johanna woon dit by. Ek hoor die aand die eerste keer 'n solo vertoning van 'n sangeres wat "Thank you for the Music" van Abba, sing. Op die verhoog rol ook so 'n mollerige outjie rond as deel van die koor. Dit blyk ene Corné Mulder te wees, tans hoofswep van die Vryheidsfront + en broer van Pieter Mulder, vorige hoofleier van daardie politieke party. Johan van Rensburg was steeds die leier van die groep en die klavier begeleier.

Later het ek begin beseef dat my skuif na 'n algemene praktyk, veral in 'n stedelike omgewing omring met spesialiste, nie vir my op die langtermyn sou werk nie. Ek het uitgevind, soos ek waarskynlik voor die tyd reeds vermoed het, dat dit is nie wat ek vir die res van my lewe wil doen nie. Ek het nie meer met die oorspronklike huppel in die stap gaan werk nie. Miskien was ek toe reeds gewoond om self in

‘n meer gespesialiseerde veld te werk. Die dag tot dag siekte toestande, wat uiteraard vir die pasiënt baie belangrik was om die korrekte diagnose en behandeling te kry, het my nie opgewonde gemaak nie. Ek het nooit eintlik ook van Interne Geneeskunde gehou nie en nou het meeste van my pasiënte interne geneeskunde verwante klagtes gehad ! Ek het besef ék is die probleem. Ék moet nie dáár wees nie. Ek het ook ontdek dat die twee vennote se persoonlikhede van so aard is dat hulle nie eintlik met mekaar of met my gekommunikeer het nie. Ek kan nie een geleentheid onthou wat ons ‘n vergadering van enige aard oor iets gehad het nie. Elkeen het maar net op sy eie met sy pasiënte aangegaan. Dit het nie vir my gewerk nie. Ek is ‘n tropdier en spanspeler en ek het nogal eensaam gevoel onder daardie omstandighede.

Dit het my ook frustreer dat die praktyk geen prosedure kamer gehad het, met ‘n vloerbedekking wat ‘n mens kan mop of skoonmaak, nadat jy ‘n gips aangesit het of ‘n hegting gedoen het nie. Al die vertrekke in die spreekkamer het matte gehad ! Hoe doen jy kleiner prosedures op matte ! Die privaat hospitale het daardie jare nog nie noodeenhede of ongevalle teaters gehad waar sulke werk gedoen kon word nie. Die “uitkoms” uit Tygerberg Hospitaal via Stellenbosch Hospitaal het vir my al hoe minder na ‘n “oplossing” begin lyk !

Na twee jaar uit die omgewing van eksamendruk en met weer laterale denke, het ek dinge weer begin heroorweeg. Ek kon nou van buite weer objektief na my situasie kyk, en nie soos voorheen, waar ek binne die situasie vasgevang was nie ! Ek het nogal geworstel met die idee of ek nie maar weer moet inskryf vir die primêre eksamen nie. Die “spook” wat my agtervolg het dat ek daarin “gefaal” het, wou my nie uitlos nie. Ek het wel besef ek wil dit nie weer onder dieselfde omstandighede aanpak nie !

Niel de Klerk, ‘n oud-klasmaat van my, het ná sy huisdokter jaar vir ‘n jaar by die Departement Fisiologie, toe nog op Stellenbosch, gaan werk en dié tyd rustig gebruik om vir sy SA Kollege primêr in Chirurgie voor te berei en te skryf. Sy pa was ‘n Uroloog en op daardie stadium deeltydse Hoof van die Departement Urologie in Tygerberg Hospitaal. Niel het goeie raad van sy pa gekry en hy stel toe voor ek moet ook ondersoek instel of daar nie sulke poste by die basiese vakke se departemente is nie. Die Departemente Anatomie en Fisiologie het juis kort tevore van Stellenbosch na die Tygerbergkampus geskuif, sodat alle departemente van die Geneeskunde Fakulteit toe op die Tygerberkampus gehuisves was.

Ek gaan sien toe die Voorsitter van die Departement van Anatomie en Histologie en verneem dat daar twee poste as sogenaamde kliniese assistent-lektore beskikbaar sou word in Januarie 1980 en dat dit binnekort adverteer sou word. Ek gaan sien ook vir Prof Willie van Niekerk en verneem by hom of, indien ek so ‘n pos sou kry en dan die SAKOG primêre eksamen slaag, of hy dit sou oorweeg om my weer as ‘n mediese beamppte aan te stel, sodat ek die finale eksamen van die SAKOG ook kon aflê ? Hy was steeds baie tegemoetkomend en dui aan dat hy dit sou doen, wanneer daar ‘n pos beskikbaar sou raak.

Ek doen aansoek en kry ‘n pos by die Departement van Anatomie en Histologie. Steeds sou ons in ons huis kon aanbly. Daar was weer ‘n geleentheid, maar die letsels van die verlede sou nie sommer agterbly en weggaan nie !

Terug na [Inhoudsopgawe](#)